**Publication:** Volksblad
**Title:** Wen-skildery kry animasie-lewe
**AVE:** 16869.95

**Page:** 12
**Publish Date:** 11 November 2021
**Author:** Kunsredaksie

SASOL NUWE HANDTEKENINGE

# Wen-skildery kry animasie-lewe

## Kaapse skilder wen met 4de probeerslag

**Kunsredaksie**


'n Olieverfskildery wat ook as 'n animasierolprent beleef kan word, het aan die Kaapse kunstenaar Andrea du Plessis die Sasol Nuwe Handtekeninge-prys besorg.

Du Plessis (40) se werk in gemengde media is geïnspireer deur die Romantiese skilder Martin Johnson Heade (1819-1904) se natuurreeks *Orchids and Hummingbirds*.

Haar werk *Paloceae Lupantozoa* bestaan uit 'n skildery geskep uit tradisionele olieverf op doek, wat die kyker deur 'n animasie, wat die skildery ook as 'n aangevulde werklikheid uitbeeld, kan beleef.

Die kyker moet 'n app op sy/haar selfoon aflaai en hul selfoon se kamera op die skildery rig dan word die animasie, wat ook oor klank beskik, geaktiveer. Dit is of die skildery voor die kyker se oë lewendig word.

"Die olieverfskildery en die aangevulde-werklikheid-video skep 'n band tussen uitbeeldings van die natuur in die verlede en die hede, asook die mens se ervaring van die natuur. Heade se 19de-eeuse skildery in die Romantiese tradisie word naas nuwe tegnologie geplaas, en die kunswerk word gelaai met betekenisvolle spanning deurdat die kyker vir 'n oomblik verplaas word na 'n vreemde dog herkenbare wêreld. Die kunswerk in sy verskillende weergawes bied die kykers die kans om na te dink oor hul ervaring van die natuur en ons natuurlandskap wat verander," sê Du Plessis in 'n mediaverklaring.




**Dalli Weyers van Johannesburg, wat die tweede prys verower het met sy werk getiteld *Forward: A Manifesto*. Die werk is agter hom te sien.**

In die nuwe werklikheid vloei die rivier, die blom op die voorgrond verloor 'n blomblaar en die kyker kan voëlgesang en die geluide van ander diere hoor. Dit klink ook of die wind in die bome ruis.

Du Plessis kry R100 000 en die geleentheid om 'n solotentoonstelling in 2022 in die Pretoriase Kunsmuseum aan te bied. Sy spesialiseer in tradisionele skilderkuns en nuwe media. Sy het visuele kuns aan die Universiteit van Pretoria studeer en 'n nagraadse diploma in kunsterapie in Brittanje voltooi. Sy werk aan 'n visuele-kunsgraad in digitale multimedia aan Unisa.



**Andrea du Plessis by haar werk *Paloceae Lupantozoa*, waarmee sy die gesogte Sasol Nuwe Handtekeninge-prys verower het.**
Foto: SASOL NUWE HANDTEKENINGE

Die wenwerk is deel van 'n reeks getiteld *Supernature* en is geskep in 2020 as Du Plessis se finalejaarprojek aan Unisa. In haar werk ondersoek sy die mensdom se komplekse verhouding met die natuur en tegnologie. Die koronaviruspandemie het haar belangstelling in die verwantskap tussen natuur, tegnologie en spiritualiteit as kunstenaar verder geprikkel.

Dit is die vierde keer dat Du Plessis vir Nuwe Handtekeninge inskryf.

In die tweede plek is Dalli Weyers, 'n sosiale aktivis van Johannesburg, wat R25 000 ryker is. Hy wen dit vir sy werk getiteld *Forward: A Manifesto*, geskep uit plastieksakke.

"Plastiek is ligafbreekbaar, maar disintegreer nooit volledig nie. Stukkies bekend as mikroplastiek bly vir eeue in die omgewing agter. Die gebruik van die medium dui deels op vooruitgang, maar ook die tol wat dit geëis het in dit wat ons sien, maar ook nie kan sien nie," sê Weyers.

> **Die kunswerk bied die kykers die kans om na te dink oor hul ervaring van ons natuurlandskap.**
> — ANDREA DU PLESSIS

**Die vyf meriete-wenners is:**

- Nico Athene (Kaapstad)
  *Cultivating our Unbecoming: with Gabrielle Youngleson and Johno Mellish* (2021)
  Media: Diasec
- Michèle Deeks (Pretoria)
  *Pandemic*
  Media: Gemengde media
- Sibaninzi Dlatu (Mthatha)
  *A Story of Resiliency*
  Media: Veselklei
- Eugene Mthobisi Hlophe (Durban)
  *The New Crazy Normal*
  Media: Fotografie
- Monica Klopper (Pretoria)
  *Choice*
  Media: Vel van 'n slang wat vervel het, en epoksiehars.

Patrick Rulore, wenner van die Sasol Nuwe Handtekeninge in 2019, se solotentoonstelling en die wenners, asook finaliste in vanjaar se kompetisie, se werk kan van 11 November in die Pretoriase Kunsmuseum besigtig word.

Die tentoonstelling duur tot 9 Januarie. Al die finaliste se werk is ook vervat in 'n gesogte katalogus.

Sasol ondersteun die kompetisie, een van die belangrikste kunskompetisies in Suid-Afrika, al vir 31 jaar. **– Saamgestel deur Laetitia Pople**

www.novusgroup.co.za | Tel: 011 568 3337 | clientservice@novusgroup.co.za | Copyright Novus Group (Pty) Ltd.